WIE IS ONS?

Gebore en getoë in die Sederberge, ons is ’n groepie mense met ’n noue verbintenis tot die skouspelagtige natuur wat ons omring. Ons voorouers kom vanuit verskeie oorde, sommige was jagters soos die San, ander het kuddes opgepas soos die Khoi, Nama en Griekwa mense, party was van Europese herkoms en ander was as slawe na die Kaap toe gebring.

Die meeste van ons is deesdae óf plaaswerkers óf werksaam in die toerisme bedryf, maar ons kennis van die veld het deur die jare behoue gebly. In 2017 het ons vir “**FynbosMengsels**” gestig, so genoem omdat ons uit ’n mengelmoes van invloede inspirasie put, en ons dikwels fynbos plante gebruik. Ons groepie vergader gereeld en dan bespreek ons ons erfenis en vervaardig produkte gebaseer op ons tradisionele plant kennis.

Heelwat navorsers, toeriste, joernaliste, filmmakers en ander lede van die publiek het al by ons besoek afgelewer. Ons het belangrike lesse geleer rondom hoe ons graag te werk wil gaan met besoekers. Dit is opgesom in hierdie dokument.

Verder nooi ons u graag om te kyk na die lys van dienste wat ons lewer (sien bladsy 5).

Die volgende **waardes** is uiters belangrik vir ons want dit is hoe ons met ander wil omgaan. Hierdie waardes moet asseblief in ag geneem word indien daar met ons saamgewerk word.

WERK SAAM MET ONS

Navorsers

Ons verwelkom die meeste navorsing, maar nie alle navorsing nie. Ons wil van die begin af weet wat die doel van ’n navorsingsprojek is, voordat ons besluit of ons gaan deelneem of nie.

Ons benodig die volgende inligting op skrif:

- Naam en van, e-pos adres en telefoon nommer van ’n kontak persoon
- Die onderwerp en doel van die navorsing
- Voordele wat moontlik sal onstaan as gevolg van die navorsingsprojek
- Voordele wat ons kan verwag indien ons instem om deel te neem
- Potensiële omgewingsimpakte verbonde aan die navorsing
- Hoe, waar en wanneer die navorsingsbevindinge gepubliseer sal word

Ons vereis dat navorsers vir ons **terugvoer** gee in toeganklike formate (byvoorbeeld ‘n opsomming van die bevindinge wat in duidelike, nie-akademiese taal geskryf is en in Afrikaans vertaal is). Hoe lank nadat die navorsing voltooi is, kan ons verwag om dit te ontvang?

Indien moontlik, kan ons ’n kopie van die navorsingsverslag of artikel sien voor publikasie? Dan kan ons seker maak of ons bydraes korrek weergegee is.

Joernaliste en filmmakers

Mense van die media besoek ons van tyd tot tyd om onderhoude met ons te voer of ons stories op te neem. Net soos met navorsing is daar ’n kans dat ons sal belangstel om saam te werk, maar ons het sekere voorwaardes.

Ons benodig die volgende inligting op skrif:

- Naam en van, e-pos adres en telefoon nommer van ’n kontak persoon
- Die onderwerp van die artikel/program/insetsel
- Die media kanale wat gebruik sal word om die produk te versprei, en die datum wanneer dit aan die publiek voorgestel sal word
- Voordele wat ons kan verwag indien ons instem om deel te neem
- Die maniere waarop foto’s en video’s van ons op sosiale media gebruik sal word

Waar moontlik, gee vir ons die geleentheid om die produk te hersien voor dit aan die publiek voorgestel word.

Stuur asseblief vir ons ’n kopie van die gepubliseerde dokument of verskaf ’n skakel na die produk indien dit aanlyn beskikbaar is.

Toeriste en ander besoekers

Ons bied soms werkswinkels aan oor ons plant- en veldkennis, spoorsny, tradisionele maniere van broodmaak of die vertel van stories. Hierdie werkswinkels bied die geleentheid om ons en ons kultuur beter te leer ken. Toeriste en ander besoekers is welkom om hierdie sessies by te woon, vrae te vra en foto’s te neem. Die werkswinkelfooi bring broodnodige inkomste in, en ons geniet dit om ons kultuur op hierdie manier te deel.

Moet asseblief nie foto’s van ons in ons daaglikse lewens neem sonder om toestemming te vra nie.

Besoek gerus die *Rocklands Association for Development* se “Veldblommetjies”-kleuterskool. Dit is op De Pakhuys-plaas geleë, en word grootliks gefinansier deur die welwillendheid van toeriste en ander besoekers. Oorweeg dit asseblief om ’n donasie te maak.

WAT ONS AANBIED

- 'n Plek vir toneelspel, vergaderings, stories vertel, onderhoude voer en ander aktiwiteite
- Tradisionele broodmaak werkswinkels
- Inheemse plant-idenifiserings stappies met 'n gids
- Spoorsny en rotskuns stappies met 'n gids
- Stories vertel
- Rieldans lesse
- Kos voorberei (insluitende roosterkoek)
- Navorsings assistente
- Tradisionele produkte: seep, salfies, haar olie, tee en vars brood

"Ons glo dat die natuur aan almal behoort, dit kan nie deur 'n individu gebruik en gemonopoliseer word nie"

LET WEL

Daar mag absoluut geen foto's van kinders geneem word sonder hul ouers se skriftelike toestemming nie. Dit sluit gebruik op sosiale media-platforms in.

SPAN

Hierdie dokument is voorberei deur die lede van FynbosMengsels, Loubie Rusch van Making KOS, en Professor Rachel Wynberg en Jaci van Niekerk van die Bio-ekonomie Navorsingsleerstoel aan die Universiteit van Kaapstad.

DIE LEDE VAN FYNBOSMENGSELS

Tracy du Plessis	Anna Hein	Elzaan Hein
Quinton Hein	Ashley Jantjies	Jerome Jantjies
Andries Koopman	Margaret Koopman	Elmarie Oktober
Marcelino Oktober	Maria Oktober	Siena van der Ross
Annalize van der Ross	Dora van der Ross	Lena Wildschut

ONDERSTEUN DEUR

Die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief van die Nasionale Navorsingstigting.

KONTAK ONS

Vir verdere inligting en om saamwerk geleenthede te verken of een van ons dienste te bespreek, kontak asseblief vir **Tracy du Plessis**.

fynbosmengsels@rocklands.org.za

078 498 7103

FOTO'S

Loubie Rusch en Eva Ross

fynbosmengsels

FYNBOSMENGSELS

MENSE VAN DIE PAKHUIS

So werk ons saam

MEI 2022

"Ons is die oorspronklike mense van hierdie area"